

OFFICIAL GAZETTE

OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c Monday 1 August 1977 WINDHOEK Maandag 1 Augustus 1977 No. 3639

CONTENTS:

GOVERNMENT NOTICES:

- No. 256 Municipality of Swakopmund: Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961: Amendment
- No. 257 Municipality of Windhoek: Amendment of Electricity Supply Regulations
- No. 258 Municipality of Okahandja: Standard Building Regulations
- No. 259 Proclamation and Classification of a Road: District of Outjo
- No. 260 Closing of Farm Road 1527 and Proclamation and Classification of a Road: Magisterial District of Windhoek
- No. 261 Municipality of Mariental: Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961: Amendment
- No. 262 Declaration of Areas to be Private Game Parks
- No. 263 Notification of an Application that a Portion of Farm Road 1419 be Closed: District of Windhoek
- No. 264 Municipality of Usakos: Amendment of Drainage and Sewerage Regulations
- No. 265 Municipality of Grootfontein: Amendment of Electricity Regulations
- No. 266 Municipality of Otjiwarongo: Amendment of Health Regulations
- No. 267 Municipality of Walvis Bay: Amendment of Library Regulations
- No. 268 Amendment of Regulations Relating to Tourist Recreation Areas
- No. 269 Municipality of Okahandja: Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961)
- No. 270 Municipality of Mariental: Library Regulations
- No. 271 Deproclamation of a Private Game Reserve

INHOUD:

GOEWERMENSKENNISGEWINGS:

- No. 256 Munisipaliteit van Swakopmund: Ordonnansie Insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1961: Wysiging 621
- No. 257 Munisipaliteit van Windhoek: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing 621
- No. 258 Munisipaliteit van Okahandja: Standaardbouregulasies
- No. 259 Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Distrik Outjo
- No. 260 Sluiting van Plaaspad 1527 en Proklamering en Klassifisering van 'n Pad: Landdrostdistrik Windhoek
- No. 261 Munisipaliteit van Mariental: Ordonnansie Insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising 1961: Wysiging
- No. 262 Verklaring van Gebied tot Private Wildtuin 635
- No. 263 Bekendmaking van 'n Aansoek om die Sluiting van 'n Gedeelte van Plaaspad 1419: Distrik Windhoek
- No. 264 Munisipaliteit van Usakos: Wysiging van Dreinerings- en Rioleringsregulasies
- No. 265 Munisipaliteit van Grootfontein: Wysiging van Elektrisiteitsregulasies
- No. 266 Munisipaliteit van Otjiwarongo: Wysiging van Gesondheidsregulasies
- No. 267 Munisipaliteit van Walvisbaai: Wysiging van Biblioteekregulasies
- No. 268 Wysiging van Regulasies Betreffende Toeristeontspanningsgebiede
- No. 269 Munisipaliteit van Okahandja: Ordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) 642
- No. 270 Munisipaliteit van Mariental: Biblioteekregulasies
- No. 271 Deproklamering van 'n Private Wildtuin .. 643

Page/Bladsy

No. 272 Municipality of Mariental: Amendment of Street and Traffic Regulations	No. 272 Munisipaliteit van Mariental: Wysiging van Straat- en Verkeersregulasies	643
No. 273 Village Management Board of Bethanie: Amendment of Native Location Regulations	No. 273 Dorpsbestuur van Bethanie: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies	643
No. 274 Municipality of Mariental: Amendment of Aerodrome Regulations	No. 274 Munisipaliteit van Mariental: Wysiging van Vliegveldregulasies	644
No. 275 Municipality of Mariental: Amendment of Tariff of Fees Relating to the Supply of Electricity	No. 275 Munisipaliteit van Mariental: Wysiging van Aanslag Tariewe ten Op sigte van Elektriesiteitsvoorsiening	645
No. 276 Municipality of Mariental: Amendment of Health Regulations	No. 276 Munisipaliteit van Mariental: Wysiging van Gesondheidsregulasies	645
No. 277 Municipality of Mariental: Amendment of Water Supply Regulations	No. 277 Munisipaliteit van Mariental: Wysiging van Watervoorsieningsregulasies	646
No. R.1278 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/488)	No. R.1278 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/488) .	647
No. R.1280 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 2 (No. 2/212)	No. R.1280 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 2 (No. 2/212) ...	648
No. R.1281 (Republic) Correction Notice in respect of Republic Government Notice R.1111	No. R.1281 (Republiek) Korreksiekennisgewing ten Op sigte van Republiek Goewermentskennisgewing R.1111	648
No. R.1282 (Republic) Correction Notice in Respect of Republic Government Notice R.107	No. R.1282 (Republiek) Korreksiekennisgewing ten Op sigte van Republiek Goewermentskennisgewing R.107	649
No. R.1317 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/1/489)	No. R.1317 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/1/489) .	649
No. R.1318 (Republic) Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule No. 1 (No. 1/2/9)	No. R.1318 (Republiek) Doeane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae No. 1 (No. 1/2/9) ...	650
GENERAL NOTICES:	ALGEMENE KENNISGEWINGS:	
No. 22 Notice to have Area Declared a Private Game Park — Mr. C. J. Oberholtzer	No. 22 Aansoek om Gebied tot 'n Private Wildtuin te laat Verklaar — mnr. C. J. Oberholtzer ...	651
No. 23 Notice to have Area Declared a private Game Park — Mr. J. H. Schröer	No. 23 Aansoek om Gebied tot 'n Private Wildtuin te laat Verklaar — mnr. J. H. Schröer	651
No. 24 Notice to have Area Declared a Private Game Park — Mr. E. Nel	No. 24 Aansoek om Gebied tot 'n Private Wildtuin te laat Verklaar — mnr. E. Nel	651
No. 465 (Republic) Notice in Terms of Section 45(2) of the Pharmacy Act, 1974 (Act 53 of 1974)	No. 465 (Republiek) Kennisgewing Kragtens Artikel 45(2) van die Wet op Aptekers, 1974 (Wet 53 van 1974)	652
ADVERTISEMENTS:	ADVERTENSIES:	652

Government Notices:

The following Government Notices are published for general information.

H. P. F. GOUS,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

Goewermentskennisgewings

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 256]

[1 August 1977

MUNICIPALITY OF SWAKOPMUND
NATIVE HOUSING LEVY AND
CONTRIBUTIONS ORDINANCE, 1961
(ORDINANCE 33 OF 1961)

The Executive Committee has —

- (i) under and by virtue of the provisions of section 2(3) of the Native Housing Levy and Contributions Ordinance, 1961 (Ordinance 33 of 1961) (hereinafter referred to as the Ordinance) repealed Government Notice 71 of 1967, as amended;
- (ii) under and by virtue of the provisions of section 2(1) of the Ordinance declared the municipal area of Swakopmund (hereinafter referred to as the declared housing area) to be an area in respect of which the provisions of the Ordinance shall apply: Provided that in terms of section 2(2) of the Ordinance all Coloureds who reside in any location or Native Village in the declared housing area after 1 August 1977 shall, during such period of residence, be considered Natives for the purposes of the Ordinance; and
- (iii) under and by virtue of the provisions of section 3(1)(b) of the Ordinance determined that with effect from 1st August 1977 a monthly contribution of six rand and fifty cents (R6,50) shall be paid by every employer in respect of every adult male Native employee in his service within the declared housing area: Provided that accommodation in any compound or Native hostel within the declared housing area shall be deemed to be approved accommodation in terms of section 3(3)(b) of the Ordinance.

No. 257]

[1 August 1977

MUNICIPALITY OF WINDHOEK
AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY
REGULATIONS

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) approved the following amendment of the regulations made applicable to the Municipality of Windhoek by Government Notice 51 of 1958, as amended by Government Notices 97 and 158 of 1959, 29 of 1960, 166 of 1964, 79 of 1966, 144 and 276 of 1973, 249 of 1974, 262 of 1975 and 169 and 339 of 1976:

No. 256]

[1 Augustus 1977

MUNISIPALITEIT VAN SWAKOPMUND
ORDONNANSIE INSAKE HEFFINGS EN
BYDRAES VIR INBOORLINGBEHUISING 1961
(ORDONNANSIE 33 VAN 1961)

Die Uitvoerende Komitee het —

- (i) kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 2(3) van die Ordonnansie insake Heffings en Bydraes vir Inboorlingbehuising, 1961 (Ordonnansie 33 van 1961) (hierna die Ordonnansie genoem) Goewermentskennisgewing 71 van 1967, soos gewysig, herroep;
- (ii) kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 2(1) van die Ordonnansie, die munisipale gebied van Swakopmund (hierna die verklaarde behuisingsgebied genoem) tot 'n gebied verklaar ten opsigte waarvan die bepalings van die Ordonnansie van toepassing is: Met dien verstande dat ingevolge die bepalings van artikel 2(2) van die Ordonnansie, alle Kleurlinge wat na 1 Augustus 1977 in enige lokasie of inboorlingdorp in die verklaarde behuisingsgebied woonagtig is, gedurende sodanige tydperk van verblyf as inboorlinge beskou word by die toepassing van die Ordonnansie; en
- (iii) kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 3(1)(b) van die Ordonnansie bepaal dat met ingang 1 Augustus 1977 'n maandelikse bydrae van ses rand en vyftig sent (R6,50) deur elke werkgewer ten opsigte van elke volwasse manlike inboorlingwerknemer in sy diens binne die verklaarde behuisingsgebied betaal moet word: Met dien verstande dat huisvesting in enige kampong of inboorlingtehuis binne die verklaarde behuisingsgebied as goedgekeurde huisvesting ingevolge artikel 3(3)(b) van die Ordonnansie beskou word.

No. 257]

[1 Augustus 1977

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK
WYSIGING VAN REGULASIES OP
ELEKTRISITEITSVERSKAFFING

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die onderstaande wysiging goedgekeur van die regulasies van toepassing gemaak op die Munisipaliteit van Windhoek by Goewermentskennisgewing 51 van 1958, soos gewysig by Goewermentskennisgewings 97 en 158 van 1959, 29 van 1960, 166 van 1964, 79 van 1966, 144 en 276 van 1973, 249 van 1974, 262 van 1975 en 169 en 339 van 1976:

1. Substitute the figure 3,90c for the figure 3,27c in subparagraph (ii) "Unit Charge" of paragraph 5(a) "TARIFF I – DOMESTIC" of ANNEXURE F.
2. Substitute the figures 10,93c and 6,24c respectively for the figures 10,30c and 5,61c in subparagraph (iv)-(2) "Unit Charge" of paragraph 5(b) "TARIFF IIA – GENERAL" of ANNEXURE F.
3. Substitute the figure 4,69c for the figure 4,06c in subparagraph (ii) "Unit Charge" of paragraph 5(c) "TARIFF IIB – GENERAL" of ANNEXURE F.
4. Substitute the figure 3,90c for the figure 3,27c in subparagraph (ii) "Unit Charge" of paragraph 5(d) "TARIFF III – INDUSTRIES" of ANNEXURE F.
1. Vervang die syfer 3,27c in subparagraaf (ii) "Heffing per eenheid" van paragraaf 5(a) "TARIEF I – HUISHOUELIK" van BYLAE F deur die syfer 3,90c.
2. Vervang die syfers 10,30c en 5,61c in subparagraaf (iv) (2) "Heffing per eenheid" van paragraaf 5(b) "TARIEF IIA – ALGEMEEN" van BYLAE F onderskeidelik deur die syfers 10,93c en 6,24c.
3. Vervang die syfer 4,06c in subparagraaf (ii) "Heffing per eenheid" van paragraaf 5(c) "TARIEF IIB – ALGEMEEN" van BYLAE F deur die syfer 4,69c.
4. Vervang die syfer 3,27c in subparagraaf (ii) "Heffing per eenheid" van paragraaf 5(d) "TARIEF III – NYWERHEDE" van BYLAE F deur die syfer 3,90c.

No. 258]

[1 August 1977

**MUNICIPALITY OF OKAHANDJA
STANDARD BUILDING REGULATIONS**

The Executive Committee has under and by virtue of the provisions of section 243 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963) read with section 14 *bis* of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962) approved the adoption by the Municipality of Okahandja of the Standard Building Regulations promulgated by Government Notice R.1830 of 1970, as amended by Government Notice R.1431 of 1973 with the exception of Chapter 2, Part 1 up to IV, and with the following amendments:

1. Substitute the following for the words "Local Authority" where they occur after the definition of "Engineer" in regulation 1 of Chapter 1:

"'Local Authority' means the Municipal Council of Okahandja."

2. Substitute the following for regulation 33 of Chapter 2, Part V:

"33. REPEAL OF REGULATIONS.

The following regulations in force prior to the promulgation of these regulations are hereby repealed:

- (1) The Building Regulations promulgated by Government Notice 70 of 1923.
- (2) The Water Supply Regulations promulgated by Government Notice 56 of 1922 as amended by Government Notice 329 of 1948, 220 of 1956, 119 of 1957, 137 of 1960, 225 of 1961, 171 of 1972, 232 of 1974 and 1 of 1976: Provided that

No. 258]

[1 Augustus 1977

**MUNISIPALITEIT VAN OKAHANDJA
STANDAARDBOUREGULASIES**

Die Uitvoerende Komitee het kragtens en ingevolge die bepalings van artikel 243 van die Munisipale Ordonnansie, 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) gelees met artikel 14 *bis* van die Wet op Standaarde 1962 (Wet 33 van 1962) die aanname deur die Munisipaliteit van Okahandja goedgekeur van die Standaardebouregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1830 van 1970 soos gewysig by Goewermentskennisgewing R.1431 van 1973 met die uitsondering van Hoofstuk 2, Deel 1 tot en met IV en met die volgende wysigings:

1. Vervang die woorde "Plaaslike Bestuur" waar hulle voorkom na die woordbepaling van "Ingenieur" in regulasie 1 van Hoofstuk 1 deur die volgende woordbepaling:

"'Plaaslike Bestuur' beteken die Munisipale Raad van Okahandja."

2. Vervang regulasie 33 van Hoofstuk 2, Deel V, deur die volgende:

"33. HERROEPING VAN REGULASIES.

Die volgende regulasies wat voor die afkondiging van hierdie regulasies van krag was, word hierby herroep:

- (1) Die Bouregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 70 van 1923.
- (2) Die Watervoorsieningsregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 56 van 1922 soos gewysig by Goewermentskennisgewings 329 van 1948, 220 van 1956, 119 van 1957, 137 van 1960, 225 van 1961, 171 van 1972, 232 van

all things done and all offences committed and all proceedings commenced or pending under, by virtue of, or against any such repealed regulations shall not be affected by such repeal and that all things done under the provisions of such repealed regulations shall have the same force and effect as if issued and done under these regulations."

3. Insert the following appendix after Appendix A of Chapter 2, Part V:

"Appendix B.

Tariffs of fees and charges

1. In respect of plans for a building (including sewerage and drainage plans) intended to be erected or altered, which are submitted to the Local Authority in terms of these regulations, the fees payable shall be determined at:

- (a) For a building or structure with an area of

0 — 100 sq. metres	R10,00
101 — 200 sq. metres	R15,00
201 — 300 sq. metres	R20,00
301 — 400 sq. metres	R25,00
More than 400 sq. metres	R30,00

- (b) For every storey excluding the ground floor, 50 % of the fees in 1(a).

2. An additional fee may be levied where an applicant submits new plans either in part or in whole, after building plans have already been submitted, and after such plans have already been scrutinised. The additional fee levied shall be at a rate of one half of the normal fee: Provided that no additional fee shall be levied if such alterations are done in compliance with a definite request from the Local Authority.

3. When the approval of any plan has lapsed by effluxion of time, the normal fee shall be levied upon re-submission of the said plan.

4. Where defects in the plans which were pointed out to the applicant have not been rectified in their entirety upon re-submission a fee of R2,00 may be levied."

4. Insert the maximum safe bearing capacity as stated in Appendix B of Chapter 4 in Table 1 of regulation 5 of the same chapter.

5. Insert the following in Table B1 of Appendix B of Chapter 8 which deals with the minimum time during

1974 en 1 van 1976: Met dien verstande dat alle dinge wat gedoen en alle misdrywe wat begaan is en alle gedinge wat ingestel is kragtens, uit hoofde van, of teen sodanige herroepe regulasies, nie deur sodanige herroeping geraak word nie, en dat alle dinge wat kragtens die bepalinge van sodanige herroepe regulasies gedoen is, dieselfde krag en uitwerking het asof hulle kragtens hierdie regulasies gedoen is."

3. Voeg die volgende aanhangsel in na Aanhangsel A van Hoofstuk 2 Deel V:

"Aanhangsel B.

Tarief van gelde en heffings.

1. Ten opsigte van planne van 'n gebou (ingeslote riolerings- en dreineringsplanne) wat opgerig of verander gaan word en wat ooreenkomstig hierdie regulasies by die Plaaslike Bestuur ingedien moet word, word die gelde wat betaalbaar is, bereken teen:

- (a) Vir 'n gebou of struktuur met 'n oppervlakte van

0 — 100 vk. meters	R10,00
101 — 200 vk. meters	R15,00
201 — 300 vk. meters	R20,00
301 — 400 vk. meters	R25,00
Bo 400 vk. meters	R30,00

- (b) Vir elke verdieping bo en behalwe die grondvloer 50% van die tariewe in 1(a).

2. 'n Bykomende geld kan aangeslaan word waar 'n aansoeker geheel of deels nuwe planne indien, nadat hy reeds bouplanne voorgelê het, en nadat sodanige planne reeds ondersoek is. Die bykomende geld word aangeslaan teen die helfte van die gewone tarief: Met dien verstande dat geen bykomende geld gehef word nie indien sodanige veranderinge ter voldoening van 'n bepaalde skriftelike versoek van die Plaaslike Bestuur geskied.

3. Wanneer die goedkeuring van enige plan verval het weens verloop van tyd, word die gewone tarief betaalbaar by herindiening van die genoemde plan.

4. Waar defekte op die planne aan die aansoeker uitgewys is en by herindiening nie geheel reggestel is nie, kan 'n geld van R2,00 gehef word."

4. Voeg die maksimum veilige draervermoë soos uiteengesit in Aanhangsel B van Hoofstuk 4 in Tabel 1 van regulasie 5 van dieselfde hoofstuk.

5. Voeg die volgende in in Tabel B 1 van Aanhangsel B van Hoofstuk 8 wat handel oor die minimum

which no water should penetrate to the inside surface of a wall under conditions of the artificial rain test.

“Okahandja 100”

6. Insert the following definition after the definition of “Main” in regulation 1 of Chapter 10:

“Premises, without in any way limiting the ordinary meaning of the word, shall include any public or private land, building, room, structure, tent, van, vehicle, stream, lake, dam, pool, lagoon, drain, or ditch (open, covered or enclosed) whether built on or not.”

7. Delete regulation 14 of Chapter 10.
8. Substitute the following for regulation 15(1)(i) of Chapter 10:
- “(i) failed to pay on or before the 15th day of the month following the month in which the services were rendered an amount payable to the Local Authority in accordance with the regulations contained in this Chapter.”
9. Substitute the following for Appendix A and B of Chapter 10.

“Appendix A.

Tariff of fees

- (1) The monthly charge for water supplied from the municipal water mains shall be calculated at a rate of 22c per cubic metre of water consumed, subject to a minimum of R2,00 per month or part thereof for the first 10 cubic metres.
- (2) The monthly charge for water supplied from municipal sources to municipal grass fields shall be calculated at a rate of 5c per cubic metre.
- (3) For replacing a seal with which a consumer has tampered: R2,00.
- (4) For disconnection and subsequent re-connection of water supply at the request of a consumer: R1,00.
- (5) For re-connection of water supply after supply has been cut off for breach of these regulations: R3,00.
- (6) For connection of a communication pipe whose diameter

tydperk waarin geen water in die toestand van die kunsmatige reëntoets na die binnevlak van 'n muur mag deurdring nie:

“Okahandja 100”

6. Voeg die volgende woordbepaling in na die woordbepaling van “nywerheidswater” in regulasie 1 van Hoofstuk 10:

“‘Perseel’, sonder om die gewone betekenis van die woord enigsins te beperk, omvat enige openbare of private grond, gebou, kamer, bouwerk, tent, vervoerwa, voertuig, stroom, meer, dam, poel, lagune, riool of voor (oop, oordek of ingesluit) ongeag of daarop gebou is of nie.”

7. Skrap regulasie 14 van Hoofstuk 10.
8. Vervang regulasie 15(1)(i) van Hoofstuk 10 deur die volgende:
- “(i) versuim het om voor of op die 15de dag van die maand wat volg op die maand waarin die dienste gelewer is, 'n bedrag wat ingevolge die regulasies in hierdie hoofstuk vervat aan die Plaaslike Bestuur verskuldig is, te betaal.”
9. Vervang Aanhangel A en B van Hoofstuk 10 deur die volgende:

“Aanhangel A.

(Tarief van gelde)

- (1) Die maandelikse heffing vir water wat deur die munisipale toevoerpype voorsien word, word bereken teen 'n tarief van 22c per kubieke meter water onderhewig aan 'n minimum van R2,00 per maand of gedeelte daarvan vir die eerste 10 kubieke meter.
- (2) Die maandelikse heffing vir water wat voorsien word uit die Raad se eie bronne, aan munisipale grasvelde, word bereken teen 5c per kubieke meter.
- (3) Vir herstelling van 'n seël waaraan 'n verbruiker gepeuter het: R2,00.
- (4) Vir afsluiting en daaropvolgende heraansluiting van watertoevoer op versoek van verbruiker: R1,00.
- (5) Vir heraansluiting van watertoevoer nadat dit weens oortreding van die regulasies afgesluit is: R3,00.
- (6) Vir aansluiting van aansluitingspyp met 'n deursnee van

- (a) does not exceed 20 mm: The actual cost plus 15%
- (b) exceeds 20 mm: The actual cost plus 50%.
- (7) (a) For testing of water meter at request of consumer R3,00 (meter to be regarded as registering correctly if the error does not exceed 5%, under or over)
- (b) For any other test or work at request of consumer: actual cost plus 15%.
- (8) For late payment made after the date as set out in regulation 15, but before the water supply is disconnected: an additional amount of R0,25.
- (9) Where supply is available, but no service connection has been made, a basic minimum payment of R2,00 per month in respect of every premises, irrespective of whether improvements have been effected or not."
- (10) Substitute the following for regulation 12 of Chapter 12:
- "12. LICENCE FEE PAYABLE.**
- Any person who applies to the Local Authority for a plumber's or drainlayer's licence, shall pay an amount of R10,00 per individual application when the application is made and such fee shall not be refundable."
11. Substitute the following for regulation 14(2) of Chapter 12:
- "(2) In respect of the scrutiny of such application; plans, and particulars, the applicant shall pay to the Local Authority a fee determined at R5,00 per plan together with application and particulars, and the application, plans, and particulars, shall not be considered until such fees have been paid."
12. Substitute the following for regulation 23 (1) (iii)(iv)-(v)(vi)(vii) and (viii) of Chapter 12:
- (a) hoogstens 20 mm: Werklike koste plus 15%
- (b) groter as 20 mm: Werklike koste plus 50%.
- (7) (a) Vir toets van 'n meter op versoek van die verbruiker R3,00 (Daar word geag dat die meter korrek registreer indien die fout hoër of laer, nie 5% oorskry nie).
- (b) Vir enige ander toetse of werk op versoek van verbruiker: Werklike koste plus 15%.
- (8) Vir laat betaling wat na die in regulasie 15 bepaalde tyd gemaak is, maar voordat die watertoevoer afgesluit word: 'n bykomende bedrag van R0,25.
- (9) Waar lewering beskikbaar is, maar geen diens-aansluiting gemaak is nie, 'n basiese minimum aanslag van R2,00 per maand ten opsigte van elke perseel ongeag of verbeterings aangebring is of nie."
10. Vervang regulasie 12 van Hoofstuk 12 deur die volgende:
- "12. LISENSIEGELDE BETAALBAAR.**
- Enigiemand wat by die Plaaslike Bestuur aansoek doen om 'n loodgieters- of rioollêerslisensie, moet 'n bedrag van R10,00 per individuele aansoek betaal wanneer aansoek gedoen word en sodanige gelde is nie terugbetaalbaar nie."
11. Vervang regulasie 14(2) van Hoofstuk 12 deur die volgende:
- "(2) Ten opsigte van die ondersoek van sodanige aansoek, planne en besonderhede, moet die aplikant gelde aan die Plaaslike Bestuur betaal bereken teen R5,00 per plan met besonderhede en aansoek, en die aansoek, planne en besonderhede word nie oorweeg voordat sodanige gelde betaal is nie."
12. Vervang regulasie 23 (1)(iii), (iv), (v), (vi), (vii) en (viii) van Hoofstuk 12 deur die volgende:

TRADE, MANUFACTURING OR INDUSTRIAL EFFLUENT

- (1) If, in the opinion of the Engineer the capacity of the sewers is sufficient to permit of the conveyance through the sewers of trade, manufacturing or industrial effluent in addition to domestic sewage the Council may, subject to such conditions as to time and rate of discharge as it may impose, grant permission for trade, manufacturing or industrial effluent to be discharged into the sewers, subject to the following further conditions:-
- (1) Mits die vermoë van die rirole na die mening van die Ingenieur genoegsaam is om toe te laat dat afloopwater van werke-, fabriek en nywerhede benewens die gewone huishoudelike rioolslyk deur die rirole vervoer kan word, kan die Raad toelaat dat afloopwater vanaf Werke-, fabriek en nywerhede in die rirole gestort word, onderhewig aan sodanige voorwaardes betreffende die tyd en omvang van uitstorting as wat hy van tyd tot tyd mag opleë en onderhewig aan die volgende verdere voorwaardes:-

(a) The trade, manufacturing or industrial effluent must receive such preliminary treatment before discharge into the sewers as, in the opinion of the Council, will render it innocuous to the health of men working on the sewers, to the materials of which the sewers are constructed and to the plant and equipment at the sewage purification works, and

(b) The trade, manufacturing or industrial effluent must be of such a nature as not to interfere or be likely to interfere with the free flow of the contents of the sewers or the process of treatment and disposal at the sewerage purification works.

(2) No trade, manufacturing or industrial effluent shall —

(a) Have a PH value less than 6,5 or greater than 9,5;

(b) contain any calcium carbide, degreasing solvents of the trichlore-thylene type petroleum spirit, volatile petroleum products, inflammable solvents or any substance whatsoever which may or is likely to give off an inflammable vapour at a temperature of 21 degrees Celsius;

(c) include any of the following substances in parts per million greater than those stated:-

Solids in suspension	600
Coarse settleable solids (potato peels, tomato skins, pea shells, sand stone etc.)	Nil
Hydrocyanic acid and all compounds which produce HCN on acidification - expressed as HCN)	2,5
Sulphides (expressed as S)	25
Sulphates (Expressed as SO ₄)	500
Grease & Mineral oil	Nil
Vegetable oils	50
Sugar products (expressed as glucose)	Nil
Chromium (expressed as Cr ₀₃)	5
Nickel (expressed as Ni)	25
Copper (expressed as Cu)	5
Cadmium (expressed as Cd)	25
Zinc (expressed as Zn)	25

(3) No single factory shall in 24 hours discharge into the Municipal sewer total dissolved solids exceeding 160 kg.

13. (1) The Council may by written notice served under the hand of the Engineer:-

(a) required the owner or occupier of trade, manufacturing or industrial premises to

(a) Voordat die afloopwater in die riole uitgestort word, moet dit sodanige behandeling ontvang as wat na die mening van die Raad voldoende is om dit onskadelik te maak vir persone wat met die riole werk, vir die materiaal waarvan die riole gemaak is en vir die masjinerie en toerusting by die rioolsuiweringswerke; en

(b) Die afloopwater moet van sodanige aard wees dat dit geen nadelige uitwerking sal hê of waarskynlik sal hê op die vrye vloei van die inhoud van die riole of op die suiwerings- en wegruimingsprosesse by die riool-suiweringswerke nie."

(2) Geen werke- fabriek en nywerheids-afloopwater mag -

(a) 'n PH-waarde van minder as 6.5 of meer as 9.5. hê nie;

(b) enige kalsium-karbied, vet-verwyderende oplosmiddels van die trikloor-etieleensoort, petrol vlugtigepetroleum produkte, ontvlambare oplosmiddels of enige ander stof hoegenaamd bevat wat waarskynlik ontvlambare dampe kan afgee teen 'n temperatuur van 21 grade Celsius nie;

(c) meer dele per miljoen van die volgende stowwe bevat as wat hieronder aangegee word nie:-

Drywende vaste stowwe	600
Growwe vaste stowwe wat kan afsak (aartappel- en tamatieskille, ertjiedoppe, sand, klippe ens.	Nul
Hydro-siaansuur en alle samestellinge wat by versuring HCN afgee (uitgedruk as HCN)	2,5
Sulfiedes (uitgedruk as S)	25
Sulfate (uitgedruk as SO ₄)	500
Ghries en minerale olies	Nul
Plantaardige olies	50
Suikerprodukte (uitgedruk as glukose)	Nul
Kroom (uitgedruk as Cr ₀₃)	5
Nikkel (uitgedruk as Ni)	25
Koper (uitgedruk as Cu)	5
Cadmium (uitgedruk as Cd)	25
Sink (uitgedruk as Zn)	25

(3) Geen enkele werk- fabriek of nywerheid mag in 'n tydperk van 24 uur meer as 160 kg opgeloste vaste stowwe in die Munisipale riool uitstort nie.

13. (1) Die Raad kan, by wyse van 'n skriftelike kennisgewing onder die hand van die Ingenieur —

(a) van die eienaar of okkupeerder van 'n werke-, fabrieks-, of nywerheidsperseel

subject his trade, manufacturing or industrial effluent to such preliminary treatment as in the opinion of the Council will ensure that such effluent is in accordance with the requirements of section 10(1) of these regulations, before being discharged into the Council's sewers;

- (b) require the owner or occupier of any trade, manufacturing or industrial premises to install such equalizing tanks, valves, appliances and other equipment as in the opinion of the Council may be necessary to control the rate and time of discharge into the Council's sewers in accordance with the conditions imposed.
- (c) require the owner or occupier of trade, manufacturing or industrial premises to install at his own expense for the conveyance of his trade, manufacturing or industrial effluent a drainage system separate from the ordinary domestic drainage system and to discharge such effluent into the Council's sewers through a connection for that purpose to be provided by the Council at the owner's expense upon application and upon payment to the Council of the prescribed connection fee, and may prohibit such owner or occupier from disposing of his trade, manufacturing or industrial effluent through the Council's domestic sewage system and from disposing of his domestic sewage other than through the domestic sewage system;
- (d) require the owner or occupier of trade, manufacturing or industrial premises to construct at his own expense on any pipes conveying his trade, manufacturing or industrial effluent to the Council's sewers, an inspection chamber in such a position and of such dimensions and materials as the Council shall prescribe. The Council shall not be required to pay any compensation to any person in respect of the exercise of the rights conferred by this sub-section;
- (e) require the owner or occupier of any trade, manufacturing or industrial premises to provide all such information as may be required or called for by the Council to enable it to assess the charges due to it in terms of Section B(2) of the Schedule of Charges annexed to and forming part of these regulations;

verlang dat hy sy afloopwater moet onderwerp aan sodanige voorlopige behandeling as wat die Raad nodig ag om te verseker dat die afloopwater ooreenstem met die vereistes van paragraaf 10(1) van hierdie regulasies, voordat die afloopwater in die Raad se rirole inloop;

- (b) van die eienaar of okkupeerder van 'n werke-, fabrieks-, of nywerheidsperseel vereis dat hy sodanige gelykstellingstenks, kleppe, toebehore en ander toerusting moet installeer as wat die Raad nodig ag om beheer uit te oefen oor die tyd en die omvang van invloeiing in die Raad se rirole in ooreenstemming met die opgelegde voorwaardes;
 - (c) van die eienaar of okkupeerder van 'n werke-, fabrieks- of nywerheidsperseel verlang dat hy op sy eie koste 'n dreineringsstelsel, apart van die gewone huishoudelike dreineringsstelsel, moet bou en sy afloopwater in die Raad se rirole moet instort by wyse van 'n aansluiting wat vir die doel deur die Raad daargestel is op versoek van die eienaar en op sy koste, en teen betaling aan die Raad van die voorgeskrewe aansluitingsgelde. Die Raad kan verder die eienaar of okkupeerder verplig om sy werks-, fabrieks-, of nywerheidsafloopwater in die Raad se huishoudelike rioolstelsel te laat wegloop; en kan hom verbied om sy huishoudelike afloopwater langs enige ander weg as deur die Raad se huishoudelike rioolstelsel te laat wegloop.
 - (d) van die eienaar of okkupeerder van 'n werks-, fabrieks- of nywerheidsperseel vereis dat hy op sy eie koste 'n inspeksiekamer op die pype wat sy werks-, fabrieks-, of nywerheidsafloopwater na die Raad se rirole vervoer, moet aanbring, met sodanige materiaal vervaardig as wat die Raad voorskryf.
- Die Raad is nie aanspreeklik vir die betaling van skadevergoeding aan enige persoon uit hoofde van die uitoefening van die bevoegdhede wat ingevolge hierdie paragraaf aan die Raad verleen word nie;
- (e) van die eienaar of okkupeerder van 'n werks-, fabrieks- of nywerheidsperseel vereis dat hy alle inligting moet verstrek wat die Raad nodig mag hê of waarom die Raad mag vra teneinde hom in staat te stel om die gelde te bereken wat hom toekom ingevolge die bepalings van paragraaf B(2) van die Heffingskedule wat by hierdie regulasies aangeheg is en 'n deel daarvan vorm;

- (2) The Council may require the owner to supply, affix and maintain in good order, at his own expense, in any pipe or channel conveying trade, manufacturing or industrial effluent to the Council's sewers, in such positions it shall see fit, any meter, gauge or other device approved of by the Engineer for the purpose of determining the volume of trade, manufacturing or industrial effluent flowing in such pipe or channel. Any such meter gauge or other device may not be interfered with or removed without the permission of the Engineer;
- (3) The owner or occupier of trade, manufacturing or industrial premises shall give the Council through the Engineer, not less than forty-eight hours written notice of any proposed change in the process of manufacture or the quantity or kind of any raw materials used which is likely to affect the nature or composition of the trade, manufacturing or industrial effluent discharged into the Council's sewers."

14. Insert the following appendix after regulation 117 of Chapter 12:

"Appendix A

Tariff of Charges in Respect of Sewerage Service.

Charge for use of Local Authority's sewerage system:

The users of the Local Authority's drains, sewers and sewerage works include the owner of any surveyed premises, part of a premises, building premises or a lot with or without improvements which either is, or in the opinion of the Local Authority can be, connected to any sewer of the Local Authority, and the charges payable by such users shall be as follows:

A. BASIC TARIFF:

The owner of any premises, building premises or lot with or without improvements shall, where such premises, building premises or lot or agricultural land is connected with the Local Authority's sewerage system or in cases where such supply is available but not made use of, pay to the Local Authority quarterly in advance, the following charges in respect of each such premises, building premises or lot or agricultural land: Provided that the charges so determined shall be the minimum charges:

- (2) Die Raad kan van die eienaar vereis dat hy op sy eie koste in enige pyp of kanaal wat sy nywerheids-afloopwater na die Raad se riole vervoer, 'n meter of ander toestel moet verskaf, aanbring en in goeie orde moet instandhou om die hoeveelhede van sodanige afloopwater te meet. Sodanige meter of toestel moet op 'n plek deur die Raad aangewys, geplaas word, en is onderhewig aan die goedkeuring van die Ingenieur. Genoemde meter of toestel mag nie sonder die toestemming van die Ingenieur verwyder of mee gepeuter word nie.
- (3) Die eienaar of okkupeerder van 'n werks-, fabrieks- of nywerheidsperseel moet die Raad, deur bemiddeling van die Ingenieur, ten minste agt-en-veertig uur voor die tyd skriftelik in kennis stel van enige voorgestelde verandering in die vervaardigingsprosesse of die soort en hoeveelheid grondstowwe wat gebruik word en wat die aard of samestelling van die afloopwater wat die Raad se riole binnegaan, moontlik kan affekteer.

14. Voeg die volgende aanhangsel in na regulasie 117 van Hoofstuk 12:

"Aanhangsel A.

Kostetarif t.o.v. rioleringsdiens

Gelde vir die gebruik van die Plaaslike Bestuur se rioolstelsel:

Onder die verbruikers van die Plaaslike Bestuur se afvoerkanale, riole en rioolwerke word ook verstaan die eienaar van enige opgemete perseel, gedeelte van 'n perseel, bouverseel of stuk grond, met of sonder verbeterings, wat met enige riool van die Plaaslike Bestuur verbind is of volgens die mening van die Plaaslike Bestuur daarmee verbind kan word en die gelde wat deur sodanige verbruikers betaal moet word, is soos volg:

A. BASIESE TARIEF:

Die eienaar van enige perseel, bouverseel of stuk grond met of sonder verbeterings, moet waar so 'n perseel, bouverseel of stuk grond of landbougrond met die Plaaslike Bestuur se rioolstelsel verbind is of in gevalle waar sodanige lewering beskikbaar is, maar nie gebruik word nie, aan die Plaaslike Bestuur die volgende gelde kwartaalliks vooruitbetaal ten opsigte van sodanige erf, bouverseel of stuk grond of landbougrond: Met dien verstande dat die gelde aldus bepaal die minimum heffing is:

	Per Quarter year
For the first 1500 square metres or portion thereof	R10,00
For every additional 1000 square metres or portion thereof	R3,00
Maximum charge	R30,00

B. ADDITIONAL CHARGES:

1. The following amounts, in addition to the basic tariff specified in A, shall be paid quarterly in advance by the owners of all premises which are connected to the Local Authority's sewerage system:

- (a) Private houses — for each private house R12,00
- (b) Flats used solely for residential purposes: Additional charge per flat, excluding the basement, garage, servants' quarters and outbuildings: Provided that in cases where rooms are let solely for occupation without the provisions of meals, every two rooms under the same roof shall be taken as one flat R12,00
- (c) Churches — for each church R10,00
- (d) Church halls: for each hall used for ecclesiastical purposes only and from which no revenue is derived . R10,00
- (e) Colleges, schools and hostels: Additional charge for every 10 students or scholars or portion of 10, based on the average daily total during the preceding calendar year. (A certified return shall be furnished to the Local Authority at the end of every calendar year by the principal of the college, school or hostel concerned 20,00
- (f) Hotels- for every four bedrooms .. R50,00
- (g) Business premises and offices — For every water closet or urinal .. R12,00
- (h) Hospitals and Nursing Homes — For every water closet or urinal .. R12,00
- (i) Gaols and Police Stations — For every water closet or urinal .. R10,00
- (j) Abattoir R600,00

	Per kwartjaar
Vir die eerste 1500 vierkante meter of gedeelte daarvan	R10,00
Vir elke addisionele 1000 vierkant meter of gedeelte daarvan	R3,00
Maksimum heffing	R30,00

B. ADDISIONELE GELDE.

1. Benewens die basiese gelde vermeld in Deel A moet eienaars van alle persele wat met die Plaaslike Bestuur se rirole verbind is, die volgende gelde per kwartaal vooruitbetaal:

- (a) Private huise — Vir elke private huis R12,00
- (b) Woonstelle geheel en al vir woon-doeleindes gebruik: Addisionele gelde vir elke woonstel met uitsondering van die kelder, motorhuis, bediendekamer en buitegeboue: Met dien verstande dat waar kamers slegs vir bewoning verhuur word sonder dat kos voorsien word elke twee kamers wat onder dieselfde dak is as een woonstel beskou word R12,00
- (c) Kerke — vir elke kerk R10,00
- (d) Kerksale — vir elke saal slegs vir godsdiensoeindes gebruik, waarvan geen inkomste verkry word nie R10,00
- (e) Kolleges, skole en koshuise — Addisionele gelde vir iedere 10 studente of leerlinge of gedeelte van 10, gebaseer op die gemiddelde daaglikse totaal gedurende die voorafgaande kalenderjaar. (Die hoof van die betrokke kollege, skool of koshuis moet aan die einde van elke kalenderjaar 'n gewaarmerkte opgaaf aan die Plaaslike Bestuur verstrek) R20,00
- (f) Hotelle — vir elke vier slaapkamers R50,00
- (g) Besighede en kantore — Vir elke WC of urinoirbak R12,00
- (h) Hospitale en verpleeginrigtings — Vir elke WC of urinoirbak R12,00
- (i) Tronke en Polisiestaties — Vir elke WC of urinoirbak R10,00
- (j) Abattoir R600,00

- (k) Meat factories R1050,00
- (l) Bone-meal factories R400,00
- (m) Creameries R400,00
- (n) Industries and workshops —
For every water closet or urinal . . R22,00
- (o) Recreation and show grounds —
For every water closet or urinal . . R6,00
- (p) All other premises R10,00

Concerning premises already connected to the sewerage network the above-mentioned tariff is payable from the date of promulgation of this regulation and concerning other premises the tariff is payable from the last day for the connection of sewers as determined by the Town Clerk, or the date on which the connection is made, whichever is the earlier.

2. (a) Should any building be occupied in sections during construction, charges in respect of such occupied sections shall be calculated for the first month of such occupation at 25 per cent; for the second month at 50 per cent; for the third month at 75 per cent and thereafter at the full amount of the additional charge in respect of such building.
- (b) All charges made under this tariff shall be payable quarterly in advance.
- (c) The charges set out in the schedule shall be payable to the Local Authority and the owner of the property to which any charge relates shall be liable therefor.
- (d) Where any person who is required to furnish a return in terms of this schedule or to provide such other information as may be necessary to enable the Local Authority to determine the charges to be made under this schedule, fails to do so within 30 days after having been called upon to do so by notice in writing, he shall pay such charges as the Local Authority shall assess on the best information available to it.
- (e) In all cases of dispute as to classification the decision of the Town Clerk shall be final.

B. (2) TRADE, MANUFACTURING OR INDUSTRIAL EFFLUENT.

The owners of premises on which trade or manufacture is carried on and from which, as a result of such trade or manufacture, an effluent is discharged into the Council's

- (k) Vleisverwerkingsfabriek R1050,00
- (l) Beenmeelfabriek R400,00
- (m) Romery R400,00
- (n) Nywerhede en werkswinkels —
Vir elke WC of urinoir R22,00
- (o) Sport en skougronde —
Vir elke WC of urinoir R6,00
- (p) Alle ander persele R10,00

Die bogenoemde tarief is, ten opsigte van persele wat reeds by die rioolnetwerk aangesluit is, betaalbaar vanaf datum van afkondiging van hierdie regulasie af, en wat ander persele betref, van die laaste dag wat die Stadsklerk bepaal waarop aansluitings by die riool gemaak moet word of van die datum waarop 'n aansluiting gemaak is, welke datum die vroegste is.

2. (a) Indien enige gebou tydens konstruksie in afdelings geokkupeer word, word tariewe in rekening gebring vir die eerste maand van sodanige okkupasie teen 25 persent; vir die tweede maand teen 50 persent; vir die derde maand teen 75 persent; en daarna teen die volle bedrag van die addisionele tarief ten opsigte van sodanige gebou.
- (b) Alle gelde wat ingevolge hierdie tarief gehef word, is kwartaalliks vooruitbetaalbaar.
- (c) Die gelde wat in hierdie skedule aangegee word, is betaalbaar aan die Plaaslike Bestuur, en die eienaar van die eiendom waarop die gelde betrekking het, is daarvoor aanspreeklik.
- (d) Iemand wat gelas word om ingevolge hierdie skedule 'n opgawe in te dien of ander inligting te verstrek wat die Plaaslike Bestuur nodig het om die gelde ingevolge die skedule te kan bereken en wat versuim om dit te doen, binne 30 dae nadat hy skriftelik kennis ontvang het om dit te doen, moet die gelde betaal wat die Plaaslike Bestuur met die beste inligting tot sy beskikking bereken.
- (e) Die Stadsklerk se beslissing in enige geskil ten opsigte van klassifikasie is afdoende.

B. (2) WERKS-, FABRIEKS- OF NYWERHEIDSUITVLOEISEL.

“Die eienaar van enige werks-, fabrieks- of nywerheidsperseel waarop enige bedryf of vervaardigingsproses uitgeoefen word en waar vandaan daar as gevolg van sodanige

